

## **Skrifgedeelte: 1 Konings 8:22-54**

### **Teksverse: 1 Konings 8:22-23 en 53-54**

#### **Tema: Ontmoet jou liefdevolle Verbondsgod met eerbied en ontsag!**

In die afgelope week staan ek en Susan by die kasregister in 'n winkel en voor ons staan 'n man en vrou wat besig is om sigarette te koop. In hulle hele koop-transaksie is hulle baie ongeskik met die kassier en toe hulle moet betaal en die kassier gee vir hulle die bedrag, het beide van ons geskrik hoeveel dit kos. Oppad uit het ons gesprek oor hierdie hele toneel gegaan en het ons vir mekaar gevra hoekom is mense soms só ongemanierd met die kassier en hoe kry mense dit reg om soveel geld vir sigarette te betaal dat dit meer is as ons weeklikse inkopie-geld.

Voor ek my kon keer het ek vir Susan gesê: "Wel, dit is eenvoudig. 'n Mens raak lelik en geldgierig wanneer iets of iemand tussen jou en jou god kom staan." Anders gestel: Wie of wat jou god is, bepaal jou lewenstyl, jou optrede en jou hele bestaan. As die lewende God van hemel en aarde egter jou God en Koning is, val selfs die grootste, rykste en slimste aardse Koning in aanbidding voor Hom neer. Dit is wat ons hier met Salomo sien gebeur. Wanneer Salomo hier in ontmoeting met die Here tree, kan hy nie anders nie as om met eerbied en ontsag die Here te ontmoet nie.

Selfs sy liggaamstaal vertel van die eerbied en ontsag wat Salomo vir God het! Ons hoor dat Salomo voor die altaar van die Here gaan staan met sy hande uitgestrek na die hemel toe en wanneer Salomo klaar gebid het, staan hy van sy knieë op, terwyl sy hande steeds nog uitgestrek was na die hemel toe. Erens, in die loop van Salomo se gebed, het hy op sy knieë voor die Here neergeval in aanbidding - ten spyte van die feit dat die hele volk na hom gekyk het.

Die rede waarom Salomo hierdie onbeskryflike houding van eerbied en ontsag gehad het, is omdat Salomo geweet het Wie God werklik is en dat dit vanuit 'n menslike perspektief eintlik onverstaanbaar is dat hy en die lewende God in 'n ontmoeting met mekaar kan staan. Salomo het God leer ken vir Wie Hy werklik is: nie 'n president van 'n demokrasie wat maar net kan doen wat sy onderdane vir Hom die reg gee om te doen nie, maar as die Koning van sy koninkryk wat alleen reg het oor wat gebeur.

Juis om hierdie rede dat Salomo in verwondering voor die Here staan en nie anders kan nie as om hom te beroep op die verhouding wat daar tussen God en sy volk is. Sien, Salomo het geweet dat gebed 'n besondere verbondsgesprek met God is waarin God se kinders kan vasgryp aan die genade van die feit dat God in 'n verhouding met die mens getree het en dat God hierdie verhouding in stand sal hou. Daarom dat Salomo weer-en-weer bid en sê: "Here, God van Israel...U hou U aan die verbond en U bly getrou...God van Israel...U het hulle onder al die volke van die wêreld afgesonder as 'n volk vir U, Here."

Maar nie net is gebed vir Salomo 'n verbondsgesprek nie, maar gebed word gedryf en aangevuur deur God se liefde vir ons. Anders gestel: God gee aan die mens gebed, omdat God ons liefhet en vir ons omgee. Daarom dat Salomo nie anders kan nie as om in gebed weer vas te gryp aan God se liefde vir sy volk. Hy doen dit op 'n besondere manier wanneer hy tot God bid en teenoor God erken dat God getrou bly. Hierdie "getrou bly" is niks anders nie as dat God sy onverdiende liefde weer en weer aan sy volk bewys.

En hierdie getrouheid of onverdiende liefde van die Here word duidelik in dit wat God in die verlede vir die volk gedoen het. Daarom dat Salomo hierdie gebed afsluit deur vir God te wys op dit wat Hy vir Israel gedoen het toe Hy hulle uit Egipte gebring het. Trouens, dit is 'n ritme wat ons regdeur die Ou Testament hoor in die gebede en die psalms. In elke gebed en in elke lied word daar vasgegryp aan die groot verlossingsdade van die Here in die verlede.

Want sien, my broers en susters, die getrouheid van die Here in die verlede, het vir Salomo en die mense van die Ou Testament die sekerheid gegee dat God getrou sal wees aan sy beloftes wat Hy gemaak het vir die toekoms. Daarom dat Salomo in hierdie gebed vasgryp aan die belofte van die Here dat daar in die toekoms altyd iemand uit die nageslag van Dawid op die troon van Israel sal sit. As God in die verlede só getrou was en altyd gered het, sal God ook in die toekoms sy beloftes nakom!

Wanneer ons egter na hierdie gebed van Salomo by die inwyding van die tempel luister, moet ons een saak baie goed onthou. Die tempel, die offers wat gebring was, die verskillende altare by die tempel, dit alles was maar net 'n skaduwee van die realiteit wat sou kom. Hierdie realiteit is Jesus Christus! Die Hebreërskrywer stel dit vir ons só mooi in Hebreërs 9:13-14: "Wanneer die bloed van bokke en bulle en die as van 'n vers op die onreines gesprinkel word, maak dit hulle uiterlik rein. Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien!"

Dit beteken dat ons dus deur Jesus Christus vrye toegang tot die genadetroon van ons Here het en dat ons Hom nie meer hoef te dien deur slegs hierdie skaduwee na te kom nie. Ons staan in 'n lewende ontmoeting met God waar Hy altyd met ons is. Daar waar Salomo en die res van die Ou Testament nog offers moes bring voordat hulle in die teenwoordigheid van God kan ingaan, hoef ons dit nie meer te doen nie. Die volmaakte, ewige offer, Jesus Christus, is klaar gebring en deur Hom kan ons dus enige tyd na die Vader toe gaan.

Daarom dat ons met nog soveel meer eerbied en ontsag in ontmoeting met die Here moet tree. Gebed is nie maar net iets wat ek doen voor ek eet en gaan slaap of toets skryf nie. Gebed is 'n besondere ontmoeting met die lewende God waar ek voor sy genadetroon kniel! My broer en suster, wanneer jy volgende keer in gebed gaan, onthou hierdie gesig wat Johannes op die eiland Patmos gesien het en onthou dat dit in Sy Naam is wat jy bid:

"En toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien en tussen die lampe lemand soos die Seun van die mens. Hy het 'n lang kleed aangehad en 'n goue band om sy bors gedra. Die hare op sy kop was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam. Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa. In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn."

Dit is Jesus Christus en dit is deur Hom wat jy tot die Vader bid en dit is vir Hom wat jy "Here" - my Verbondsgod - noem. Daarom dat gebed vir ons ook 'n besondere verbondsgesprek met ons lewende God is, want ons weet dat niks ons van die liefde van God kan skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. Elke keer wat ek tot die Vader bid en Hom Vader noem, gryp ek vas aan hierdie besondere verhouding waarin ek met God staan en aan die feit dat dit Hy is wat hierdie verhouding met my opgerig het.

Daarom dat hierdie liefde van God elkeen van ons ook aanvuur om God aan te roep in gebed. Gebed is `n liefdesgeskenk wat God aan sy kinders gee en waarin ons weer kan vasgryp aan sy liefde, sy getrouheid, sy genade en sy reddingsdade in my lewe. Ja, God gee aan ons gebed omdat ons gebed nodig het. Hy gee egter nie gebed as `n inkopielys wat ons aan Hom kan oordra nie, maar as `n getuigskrif wat ons teenoor God aflees en waarin daar getuig word van dit wat God in my lewe doen. Só word ek en jy getroos in ons gebede - wanneer ons gebede nie op ons fokus nie, maar op dit wat God doen.

Daarom is dit nodig dat ons in ons gebede moet vasgryp aan dit wat God gedoen het. Ons moet in gebed vasgryp aan die groot reddingsdade van die Here in die verlede, want só sien en weet ons dat God getrou is en bly. Gebed is in werklikheid niks anders nie as `n geleentheid waar ons God se Woord vir Hom terug bid en waar ons vreugde vind in die feit dat ons lewe al hoe meer inlym kom met God se wil vir ons lewe.

Wanneer ons só vasgryp aan wat God in die verlede gedoen het, sal en kan ons ook vasgryp aan dit wat God vir ons in die toekoms belowe. Dan is God se beloftes van die ewige lewe, van `n verheerlike liggaam, van `n tyd en plek waar daar nie meer sonde en seer gaan wees nie, nie maar net `n droom nie. Dan is hierdie beloftes alles `n realiteit wat ons nou reeds omhels en waarin ons nou lewe.

Wanneer ons nou gaan Nagmaal vier, dan beleef ons ook al hierdie aspekte in die Nagmaal. Ons hoor dat die Nagmaal `n heilige ontmoeting met die Here is wat ons met eerbied en ontsag moet vul wanneer ons mekaar oproep deur te sê dat ons ons harte moet verhef tot Jesus Christus, ons Voorspraak, wat aan die regterhand van die hemelse Vader sit. Hiermee tree ons in `n besondere ontmoeting met die Here en word ons herinner dat die Heilige Gees ook op hierdie oomblik besig is om ons met Jesus se liggaam en bloed te versterk.

Die Nagmaal is `n besondere verbondsgesprek en -ontmoeting met die Here, want elke keer as ons Nagmaal vier dink ons terug aan die woorde van Jesus Christus aan die kruis, waar Hy uitgeroep het "Dit is volbring!" Met hierdie woorde het hy gesê dat die tyd van die nuwe verbond, die genadeverbond, aangebreek het en dat elkeen wat in Hom glo nou deel het aan die genadeverbond van die Here.

Maar Nagmaal is ook `n liefdesmaaltyd waar ons opnuut weer gewys word op die liefde van God. Deur die Heilige Gees verseker Jesus Christus ons van sy liefde en bind die Heilige Gees ons ook as gelowiges in ware liefde saam in een liggaam. Met die Nagmaal word ons weer herinner dat God die wêreld só lief gehad het, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Die Nagmaal is egter ook `n herinneringsmaaltyd waarin ons herinner word aan die groot verlossingsdade van God in ons Here Jesus Christus. Elke keer as ons Nagmaal vier, hoor ons weer dat Jesus Christus as sondelose Lam die toorn en straf van God in ons plek gedra het, dat Hy vir ons sondes deurboor is en in ons plek aan die kruis gespyker is. Elke keer met die Nagmaal word ons verseker dat Jesus Christus deur God verlaat is, sodat ons nooit weer deur God verlaat sal word nie.

En daarom dat die Nagmaal ons ook uitsien na die Bruilofsmaal van die Lam en na die wederkoms van Christus. Met die Nagmaal gryp ons vas aan die beloftes van God wat aan ons gegee is en deur die Heilige Gees verseël is.

Kom ons tree nou toe tot die Nagmaal met eerbied en ontsag vir ons liefdevolle Verbondsgod. Kom ons ontmoet Hom hier en word weer veseker van sy reddingsdade in die verlede en sy getrouheid aan sy beloftes vir die toekoms.

Amen